Bylaag 1, tot „Koers", April/Junie 1955.

# AKADEMIESE REDE.

**Gehou op die Gradedag van die P.U. vir C.H.O., 26 Maart 1955,**
**deur dr. JAN STEYN, L.V.**

Mnr. die Kanselier,

Mnr die Vise-Kanselier,

Eksellensie,

Dames en here.

Mnr. die Kanselier,—dit is met 'n diepe gevoel van waardering en dankbaarheid teenoor u Raad en Senaat vir die eer my bewys, dat ek vandag hier optree.

As leek sou ek u om verskoning moes vra dat ek my gaan verstout om 'n probleem te benader wat vir sy oplossing op deskundiges moet wag, was dit nie dat dit so'n omvang aangeneem en so akuut geword het nie, dat dit die gewone burger dwing om hom ten minste daarmee te bemoei.

Die verspilling van studentekrag in die eerste universiteitsjaar, soos bewys deur die aantal druipelinge, en die verkwisting daardeur van die reeds kwantitatief geringe moontlike akademies-opgeleide potensiaal, wat vir die teen revolusionêre spoed aan omvang en diversiteit uitbreidende industriële ontwikkeling beskikbaar is, dra sulke ernstige implikasies met hom mee, dat dit ook die leek dwing om hom daaroor te bekommer en ten spyte van sy onkunde, 'n uitweg te probeer soek.

Dat Suid-Afrika hom in die pyngreep bevind van 'n ekonomiese revolusie, word reeds so algemeen erken dat selfs die blote konstatering daarvan byna 'n banaliteit is.

Dat in Suid-Afrika die geringe wetenskaplik opgeleide en bekwame mensemateriaal wat beskikbaar is, so dun versprei lê oor die vinnig uitbreidende gebied wat gedek moet word om 'n terugslag met spiraalwerking te vermy, wek sorg in 'n breër wordende kring.

Dat Suid-Afrika self, en by name die Suid-Afrikaanse universiteite, nie in staat is om, benewens die ingevoerde kwota en in volks-sosiale opweging daarteen, die deel te lewer wat van hom verwag word nie, word steeds dringliker beweer, en is op sommige terreine onbetwisbaar.

Om die stadig vormaannnemende aanklag teen ons universiteite die hoof te probeer bied, sonder om die grondoorsaak van die ontstaan van

die leemte te probeer vind, sou min baat. Maar daarvoor sou die hele baan van opleiding nagegaan moes word, wat klaarblyklik vir my en selfs vir 'n bevoegde ontleder in die bestek van 'n enkele voordrag, 'n onmoontlike taak sou wees.

Ek gaan my nie verstout om al die moontlike maniere van aanvulling van die leemte te probeer aanvoer of bespreek nie .

Ek bepaal my by een aspek van die probleem en by 'n paar oppervlakkige gedagtes daaroor; gaan net in stakkato-sinne 'n benadering tot moontlikhede in die een verband aandui, om in losverspreide sinne 'n yle bedekking oor 'n breë veld te sprei, in 'n poging om uit te vind in watter bane van ontwikkeling ons opvoedingsbeleid ons lei en kon lei.

Mnr. die Kanselier, die aardse opvoeding van die mens begin met sy geboorte en eindig met sy dood. Wat voor dit gebeur is gissing en wat daarna gebeur, geloof.

Met die eerste „indruk" wat hy ontvang begin sy aardse opvoeding en dan hou dit nie weer op nie—totdat hy liggaamlik sterf of geestelik atrofeer.

Kort na die tydperk van „eerste indrukke" begin sy pedagogiese beinvloeding en reeds in daardie periode ontstaan die sosiale vormingsprobleme.

Wanneer, waar en hoe word hy aan algemeen-georganiseerde vorming onderhewig gemaak?

Die plattelandse ouer het 'n ander uitgangspunt, maar sy probleme strengel al spoedig ineen met die van die stedelike ouer en elke volk verstedelik in verhouding tot, en met die tempo van, sy industriële en die meegaande geestelike opeenhoping en albei neig vrywillig of gedwonge daartoe om die beginouderdom so jonk moontlik te stel.

Die stedelike ouer veral het woning- en straatprobleme, probleme van ruimte en buurmanskap, van voortdurende sosiologiese omskakeling en herinstelling, van verandering van sosiale en geestelike fokus, en probleme van herwaardasie van geestelike waardes; almal na die beste van sy vermoë aangepas by die onvaste vorme van 'n vlakgewortelde gemeenskap.

Vlakgewortel, omdat die oorgrote meerderheid van onse stedelinge nog as minder dan in die derde geslag permanente dorpsbewoners gereken moet word.

Die kind-ouer verhouding word al vroeër en vroeër vervaag en dus een van al minder en minder bindkrag. Die voorskoolse speelklas, hetsy by die fabriek of in die voorstadse tuin, tree al meer en meer in verskyning —hetsy uit ekonomiese dwang, of uit sosiale dwinglandy.

Die ouer tree al meer en meer terug en so kom die kind gedeeltelik of byna geheel in 'n georganiseerde opvoedingsbaan, waaruit hy nie meer kan wyk nie, totdat die maatskappy hom, of na sy verpligte skooljare, of na sy univerteitsjare, opneem in die een of ander van sy vertakkings, om as enkeling te vorm of om in massa gevorm te word.

Maar in daardie baan het 'n breuk of 'n knelling of 'n versperring voorgekom—of in elk geval iets wat lei tot steuring en ontwrigting van wat 'n harmonieuse en ononderbroke opeenvolging van ontwikkelingstadia moes gewees het.

Dit het tot die algemene lekegewaarwording deurgedring, dat die oorskakeling vanaf die laaste skooljaar na die eerste universiteitsjaar met te veel kreune en krake gepaard gaan, en dat die verliese aan mensemateriaal wat daardeur veroorsaak word, te groot is om plaas te vind sonder om langdurige, miskien blywende skade te berokken, veral aan 'n bevolking met so'n buitengewoon heterogene struktuur as die Suid-Afrikaanse.

Soms word die skool blameer. Dit word beweer dat die skool te veel aandag wy aan die behoeftes van dié kinders wat jonk die skool verlaat, om sou gou as wat die landswet dit toelaat, gedwonge 'n heenkome te soek. Hulle is in die deur ons onveranderbare hiërargie van die sosio-ekonomiese maatskappy waarin ons noodgedwonge lewe en veral in die hoog-konjunktuur waarin daardie maatskappy hom tans bevind in die oorgrote meerderheid. Die aantal skoliere wat die skoolloopbaan voltooi met die daadwerklike doel om 'n universiteit te besoek, word in verhouding al kleiner en kleiner en is alreeds minder dan twee uit elke honderd. Dit sou onrealisties wees om van die skool te verwag om die oorgrote meerderheid se belang agter te stel aan die van 'n steeds relatief kleiner wordende minderheid.

Dit sou ook min baat om die pas van die ontwikkeling so ver vooruit te gaan, dat die verband verloor en 'n teenkanting gewek word, waarteen die eerste krag van 'n onvolwasse gedagte nie bestand is nie; maar die vraag werp hom tog op, of daar nie met baat 'n verandering in die bane van ons sekondêre onderwys aangebring kan word nie, om die oorgang van die skool na die universiteit met minder wroeging en kwelling te laat plaasvind: of daar nie voordat hulle die skool verlaat, aan die skole besondere voorbereidingswerk gedoen kan word, spesiaal vir diè leerlinge wat na 'n universiteit gaan nie. As alternatief kan die vraag gestel word, of die universiteite nie toegelaat behoort te word om hul eie voorbereidingskole te stig, vir die leerlinge wat van plan is om later die universiteit te besoek nie?

Dit veronderstel dan dat daar in ons Universiteits-sentra sekondêre skole sou wees, onder beheer van die plaaslike universiteite, wat uitsluitlik aandag wy aan die laaste skooljare van die skoliere wat op daardie stadium werklik of vermoedelik van plan is om aan 'n universiteit akademiese opleiding te geniet.

Die geskiedkundige redes vir die toewysing van gewone skoolonderwys aan die provinsies het sedert die dae van die stigting van die Unie, deur die verloop van ons landsontwikkeling, nie onaangetas gebly nie. Ons universiteite het aan krag, diepte en omvang ontwikkel tot 'n selfstandigheid en akademiese volwassenheid, wat hulle bes in staat stel om sorg te dra vir die laaste stadia van die skoolopvoeding van die skoliere wat voornemens is om hulle te besoek. Dit sou 'n kontinuïteit van intellektuele ontwikkeling meebring wat in die huidige moeilike oorgang van skool na universiteit onverkrygbaar is.

Wie egter op gevestigde belange en regte wil inbreuk maak, begaan nie 'n pad van rose nie. Gewestelike trots en provinsiale vrees sal heftige weerstand bied.

'n Alternatiewe denkrigting wat oorbly, is minder aantreklik, maar moet dan maar ewe as alternatief oorweeg word.

Die probleem bly dieselfde: die aspirant-student vind te moeilik aanpassing by die nuwe take wat die universiteit bring. Hy is meesal ook te jonk aan jare en te gewend aan skuiling en voorspraak, om maklik volle voordeel uit die nuwe omstandighede te trek. Beide teen jeugdigheid en teen kwesbaarheid sou naskoolse voorbereiding vir homself sowel as die universiteit waarheen hy dan gaan, 'n voordelige teenmiddel wees.

Dit lei ons gedagte in die rigting van 'n voorbereidende jaar aan die universiteit onder universiteitsleiding, voordat die werklike loopbaanstudie begin: 'n tussenstadium wat die geleentheid sou bied om die pas uitgematrikuleerde skolier akademies voor te berei vir, en geleidelik in te lei in, die nuwe meer intellektuele omgewing en geestelike klimaat. Dit beteken materieel die vooruitskuiwing om 'n jaar van die dag waarop die afgestuurde student begin „verdien" en 'n verhoging van die onkoste aan universiteitsopleiding verbonde; waarteen beide die student en sy voog beswaar, waarskynlik soms heftige beswaar, sal maak. Indien die beswaar te heftig sou wees vir die weerstand van 'n nog onvoorbereide openbare mening, kan uitvlug waarskynlik geneem word tot die algemene hulpbron van die moderne maatskappy—tot die staat, en in hierdie geval met 'n onmiskenbare mate van regverdiging.

Die oudste taak van die staat is die beveiliging van sy erkende burgery. Die jongste opdrag van die staat is die beveiliging van sy militêr amorfe

bevolkingsmassa, met die onheilspellende bewussyn dat in die moderne manier van oorlogsvoering, elke voordeur na die krygsfront lei. Sommige van ons universiteite het betyds hul verpligting besef en, onder die leiding van Potchefstroom, is 'n merkwaardige begin gemaak. Hierdie ontwikkeling is onder leiding van, en met finansiële vrywaring deur, die staat vir vrugbare uitbreiding vatbaar en die inskakeling van militêre kursusse tussen die skool en die universiteit, met aanvulling daarvan deur die universiteit, dui die pad van oorbrugging aan.

Dit sou die jaar wat tussen die skool en die universiteit ingeskakel word, parallel verdeel tussen die akademiese voorvereistes van die universiteit en die dringende mlitêre belang van die staat, tot persoonlike baat van die betrokke individu en tot algemene voordeel van al drie.

Die skolier word liggaamlik gesonder, krygskundig behendiger, menslik volwassener en geestelik ryper gemaak, voordat hy die beskutte kus van die skool verlaat vir die onbekende waters van die akademiese en die daaropvolgende burgerlike lewe.

Dit sou dan ook die bykomende finansiële las vir die ouer verlig in die mate wat die staat bydra vir die besondere opleiding wat 'n spesifieke deel van sy burgery ontvang.

Afsluitend som ek op:

Die skool se eerste taak lê noodgedwonge eerder by die groot getal skoliere wat nie die universiteit bereik nie.

Daar het 'n breuk ontstaan in wat 'n logiese vloei van ontwikkeling behoort te wees van skool na universiteit.

Die oorbrugging kon moontlik gevind word óf, by voorkeur, in die stigting van universiteitskole,

óf in die byvoeging van nog 'n jaar in die graadkursusse,

óf in die inskakeling aan die universiteit, van 'n half-militêre, half-akademiese jaar, onder gesamentlike leiding en beheer van die staat en die betrokke universiteit.

Mnr. die Kanselier,

Ek verwag nie om geredelike of selfs enige, aanklank te vind nie.

As ek maar net nog 'n kabbeling op die reeds nie meer rustige waters kon bring, dan is aan 'n selfopgestelde onmiddellike taak voldoen.